

28 Desember

1 Korintiërs 13

(Teks: 13:4 en 5) Ontbrekende liefde

Die jaar wat verby is het weer eens sy aantal moorde, verkragtings en ander gruwelike misdade opgelewer.

Baie redes kan aangevoer word waarom ons in so 'n situasie lewe: Die doodstraf moet terug. Polisie-optrede moet verskerp. Die regering moet so-en-so maak.

Maar die belangrikste van alles is die liefde. Waar die liefde ontbreek, is geweld aan die orde van die dag.

Volgens 1 Kor 13 is die liefde lankmoedig en vriendelik, die liefde handel nie onweloweglik nie, soek nie sy eie belang nie, word nie verbitterd nie, reken die kwaad nie toe nie; is nie bly oor die on-geregtigheid nie, maar is bly saam met die waarheid. Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles.

Hier in 1 Kor 13 word die wese en werk van die liefde uitgebeeld. Slegs dan sal moord en verkragtings en allerlei gewelddadighede geminimaliseer word, indien die liefde vaardig word.

1 Joh 4 beveel: "Laat ons mekaar liefhê; Hy wat nie liefhet nie, het God nie geken nie, want God is liefde." As ons mekaar liefhet, bly God in ons en het sy liefde in ons volmaak geword. As iemand sê: Ek het God lief - en sy broeder haat, is hy 'n leuenaar; want wie sy broeder wat hy gesien het nie liefhet nie, hoe kan hy God liefhê wat hy nie gesien het nie? En hierdie gebod het ons van Hom dat hy wat God liefhet ook sy broeder moet liefhê." Laat die liefde tot God en die liefde tot u medemens u mikpunt wees, vandag en elke dag van u lewe.

Sing Psalm 133:1 en 2 Ds. P.A. Smit (Emeritus)